Mediaverklaring

Inentings vir onderwysers moet prioriteit wees

2021/06/02

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) ondersteun oproepe deur onderwysvakbonde dat die inenting van onderwysers teen Covid-19 'n prioriteit moet wees.

"Navorsing toon dat 72% van skole reeds byna die helfte van hul kontaktyd verloor het weens rotasie-roosters. In funksionele skole gaan dit beter, maar selfs daar is agterstande om in te haal. Dit is dus uiters belangrik dat leerders so vinnig moontlik voltyds moet terugkeer skool toe. Ons moet die geestelike en fisiese welstand van ons onderwysers en kinders in ag neem in die proses," sê Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die SOS. "Ons kan nie verdere leerverliese bekostig omdat onderwysers of leerders siek word of moet isoleer nie."

Debbie Schäfer, LUR vir onderwys in die Wes-Kaap, het bevestig hoe belangrik die voltydse terugkeer van leerders is. Indien dit nodig wees sou vir skole om tydelik na 'n rotasie-stelsel terug te keer, kan skole self hieroor besluit.

Volgens die Wêreldgesondheidorganisasie (WGO) hou die volgehoue sluit van skole 'n duidelike negatiewe impak vir kinders se gesondheid, onderrig en ontwikkeling, asook die ekonomie en families se inkomste in.

Die SOS verwelkom die besluit om alle laerskole ten volle te heropen. Dit is in lyn met die WGO se standpunt dat skole moet heropen ter wille van:

- Leerders se reg om hul studies te voltooi en na 'n volgende graad te vorder,
- toegang tot voedingskemas en kinderwelsynprogramme,
- sosiale en sielkundige welstand,
- voordele vir die wyer gemeenskap, soos ouers wat kan terugkeer werk toe.

Op navraag het die woordvoerder van die Departement van Basiese Onderwys (DBO), Elijah Mhlanga, gesê dat die departement tans in samesprekings met die Departement van Gesondheid is om die proses vir prioritisering van onderwysers aan die gang te kry, voor laerskoolleerders op 26 Julie voltyds terugkeer skool toe.

Buys voeg by: "Die SOS hoop dat dit nie net by samesprekings sal bly nie. Onderwysers het 'n kernrol te speel in die herstelpad na Covid. Hulle gesondheid en produktiwiteit is van kardinale belang en daarom moet hulle so gou moontlik ingeënt word."

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum het twaalf verskillende verenigings wat professionele ondersteuning aan onderwysers bied, asook Die Wolkskool wat 'n volledige onderwysbestuurplatform en aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 tot 12 bied.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

Sarina Prinsloo
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za